The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

ornico
KNOW HOW TO GROW

| Publication | | |
|---|---|---|
| LANDBOUWEEKBLAD | | |
| Page | Date | AVE (ZAR) |
| 5+14 | Fri 20 Sep 2019 | 35562.71 |



**'Dit wys die ongelooflike beleidsverwarring wat daar die afgelope 25 jaar oor die oordrag van grond, al dan nie, aan begunstigdes was.'**
PROF. ELMIEN DU PLESSIS, grondregkenner aan die Noordwes-Universiteit, oor die stryd van die Limpopo-boer mnr. David Rakgase om 'n plaas by die staat te koop. Bl. 14



GRONDHERVORMING

# 'HARDVOGTIGE' STAAT MAG NIE VASKLOU AAN GROND




Mnr. David Rakgase (middel), sy seun Mmofa en me. Annette Steyn, die DA se skaduminister vir landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, ná die uitspraak gelewer is. FOTO: VERSKAF

**DIE** oorwinning van mnr. David Rakgase, 'n 79-jarige boer van Limpopo, teen die staat ná 'n 16 jaar lange stryd om die plaas te koop waarop hy sedert April 1991 boer, ontbloot talle gebreke met die hantering van grondhervorming oor die jare.

Dit sal ook ander boere se hand sterk aan wie die staat ingevolge sy program vir die herverdeling van grond vir landbou-ontwikkeling (LRAD) plase te koop aangebied, maar later van plan verander het.

Só meen kenners oor die saak waarin die Noord-Gautengse hooggeregshof die ongewone stap gedoen het om self as amptenaar op te tree en gelas dat die staat binne 30 dae ná die uitspraak, op 4 September, die plaas Nooitgedacht aan Rakgase verkoop teen R1,2 miljoen. Die destydse departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming het reeds in 2003 dié stap voorgestel.

Rakgase en sy gesin, wat op die plaas van 3 179 ha boer, het met die hulp van die DA die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling voor die hof gedaag om die reg om die grond te koop.

Hy is destyds aanvaar as 'n begunstigde in die LRAD-program, waarvolgens hy die plaas kon koop. Dié besluit is egter in 2010 teruggetrek ondanks talle amptenare se aanbeveling dat die transaksie wel voortgaan. Die LRAD-program is later, ná die besluit oor Rakgase se plaas geneem is, vervang met die regering se proaktiewe grondverkrygingstrategie (PLAS), waarvolgens boere grond kan huur tot hulle hul sukses as boere kan bewys.

## VERDUIDELIKING

Regter Norman Davis het in 'n striemende uitspraak teenstrydighede in die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming se verduideliking oor sy besluit oor Rakgase se plaas uitgewys. Hy het die onwilligheid van amptenare om grond aan boere oor te dra, ook skerp gekritiseer.

"Daar is geen verduideliking hoekom daar weggeskram is van die geleentheid vir die omsetting van 'n grondreg toe dit hom voorgedoen het nie, en mnr. Rakgase 'n mindere reg aangebied is, naamlik 'n langtermynhuurkontrak, waarvan hy die einde nie in sy leeftyd sal sien nie.

"Die redenasie van die minister dat hy (Rakgase) verblyfreg het en daar geen onmiddellike vooruitsig op uitsetting is nie, spreek van hardvogtigheid en sinisme, veral gegewe Suid-Afrika se historiese onvermoë om grondhervorming aan te pak," het Davis gesê.

## KOM NA VORE

Me. Annette Steyn, die DA se skaduminister vir landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, wat Rakgase in die saak ondersteun het, het 'n beroep gedoen op boere wat in dieselfde posisie is, om na vore te kom sodat die ANC-regering daaroor aangevat kan word.

Steyn sê pres. Cyril Ramaphosa het nog altyd volgehou dat die ANC nie die nasionalisering van grond steun nie, maar in die Rakgase-saak het hofstukke die teendeel bewys.

## GEBREKKIG

Prof. Elmien du Plessis, kenner van grondhervorming en eiendomsreg aan die Noordwes-Universiteit, sê die beslissing maak dit moontlik vir boere in soortgelyke situasies as Rakgase om besluite oor hul grond op hersiening te neem. "Hopelik sal die beslissing die departement ook aanspoor om bruikhuurooreenkomste te heroorweeg en die grond te koop aan te bied aan boere in soortgelyke situasie. Dit sal baie help om oplossings vir grondhervorming te kry."

Sy sê die saak toon hoe gebrekkig die besluitnemingsprosesse is en hoe dit oorvleuel binne die vlakke van regering en bydra tot die mislukking van grondhervorming. "Dit wys die ongelooflike beleidsverwarring wat daar die afgelope 25 jaar oor die oordrag, al dan nie, van grond aan begunstigdes was."

Uit 'n regsoogpunt lê die swak inwerkingstelling van beleid ook by die gebrek aan 'n oorkoepelende regsraamwerk wat leiding gee en wat begunstigdes bemagtig met duidelike en afdwingbare regte. "Die saak was belangrik in die sin dat dit getoon het swak besluitneming wat verband hou met grondhervorming, kan op hersiening geneem word om tasbare oplossings aan begunstigdes te bied."

## DEURBRAAK

Me. Annelize Crosby, beleidshoof vir grondsake by Agri SA, sê die uitspraak is 'n groot deurbraak, onder meer omdat dit nou duidelik is dat PLAS nie die verkoop van staatsgrond verbied, soos wat die departement beweer nie.

"Daar is baie swart boere wat, soos mnr. Rakgase, al bewys het hulle kan boer en graag eienaarskap van hul plase wil verkry, maar dit nog nie kon regkry nie.

"Die gebrek aan 'n transportakte beteken dat hierdie boere net tot 'n beperkte mate kan vorder op die pad na kommersialisering, want hulle sukkel om produksiekrediet te kry en kan nie uitbrei nie. Swart boere sonder transportaktes het ook min beskerming teen ander mense wat die staatsgrond waarop hulle boer, kom beset."

## WEERSTAND

Crosby sê in die praktyk is daar 'n baie sterk weerstand by amptenare om grond in transportaktes oor te dra. "Die hof maak ook die baie ernstige bevinding dat die staat sy eie grondwetlike plig nie nagekom het nie. Die hof het ernstige kritiek teen die departement se versuim om tydig en billik op te tree, gelewer."

Mnr. Reggie Ngcobo, woordvoerder vir me. Thoko Didiza, minister van landbou, landelike ontwikkeling en grondhervorming, sê die uitspraak en die implikasies daarvan word nog bestudeer.

– JOYLENE VAN WYK en NICO VAN BURICK

* Lees die uitspraak by *bit.ly/2m78REU.*

**'Daar is baie swart boere wat, soos mnr. Rakgase, al bewys het hulle kan boer en graag eienaarskap van hul plase wil verkry.'**